BYLAAG 5

**Minimum strawwe ingevolge Wet 105 van 1997** – Die strafregwysigingswet 105 van 1997 maak in artikel 51 voorsiening vir minimum vonnisse vir sekere misdrywe. Die vonnisse kan opgelê word deur hoër howe en streekhowe. Artikel 51 bepaal soos volg:

> **"51 Minimum vonnisse vir sekere ernstige misdrywe** – (1) Ondanks enige ander wet maar behoudens subartikels (3) en (6), moet 'n Hoë Hof –
>
> (a) indien hy 'n persoon skuldig bevind het aan 'n misdryf in Deel I van Bylae 2 bedoel; of
>
> (b) indien die aangeleentheid kragtens artikel 52(1) na hom vir vonnis verwys is nadat betrokke persoon skuldig bevind is aan 'n misdryf in Deel I van Bylae 2 bedoel,
>
> die persoon tot lewenslange gevangenisstraf vonnis.
>
> (2) Ondanks enige ander wet maar behoudens subartikels (3) en (6), moet 'n streekhof of 'n Hoë Hof, met inbegrip van 'n Hoë Hof na wie 'n aangeleentheid kragtens artikel 52(1) vir vonnis verwys is, ten opsigte van 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf in-
>
> (a) Deel II van Bylae 2, die persoon, in die geval van-
>
> (i) 'n eerstge oortreder, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 15 jaar vonnis;
>
> (ii) 'n tweede oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 20 jaar vonnis; en
>
> (iii) 'n derde of verdere oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 25 jaar vonnis;
>
> (b) Deel III van Bylae 2, die persoon, in die geval van-
>
> (i) 'n eerste oortreder, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 10 jaar vonnis;
>
> (ii) 'n tweede oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 15 jaar vonnis; en
>
> (iii) 'n derde of verdere oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 20 jaar vonnis; en
>
> (c) Deel IV van Bylae 2, die persoon, in die geval van-
>
> (i) 'n eerste oortreder, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 5 jaar vonnis;
>
> (ii) 'n tweede oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 7 jaar vonnis; en
>
> (iii) 'n derde of verdere oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 10 jaar vonnis:
>
> Met dien verstande dat die maksimum vonnis wat 'n streekhof ingevolge hierdie subartikel mag oplê, nie meer as vyf jaar langer mag wees nie as die minimum vonnis wat hy ingevolge hierdie subartikel mag oplê.
>
> (3) (a) Indien 'n hof in subartikel (1) of (2) bedoel, tevrede is dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis

as die vonnis by daardie subartikels voorgeskryf regverdig, teken hy daardie omstandighede in die notule van die verrigtinge aan en kan hy daarop sodanige mindere vonnis oplê.

(b) Indien 'n hof in subartikel (1) of (2) bedoel, besluit om 'n vonnis op te lê wat in daardie subartikels voorgeskryf is op 'n kind wat ten tyde van die pleging van die handeling wat die betrokke misdryf uitgemaak het 16 jaar oud of ouer was, maar jonger as 18 jaar, teken hy die redes vir sy besluit in die notule van die verrigtinge aan.

(4) 'n Vonnis in hierdie artikel beoog word vanaf datum van vonnisoplegging bereken.

(5) Die tenuitvoerlegging van 'n vonnis ingevolge hierdie artikel opgelê, word nie opgeskort soos in artikel 297 (4) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), beoog nie.

(6) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n kind wat ten tyde van die verrigting van die handeling wat die betrokke misdryf uitgemaak het, onder die ouderdom van 16 jaar was.

(7) Indien by die toepassing van hierdie artikel die ouderdom van 'n kind in geskil geplaas word, rus die bewyslas om die ouderdom van die kind bo redelike twyfel te bewys op die Staat.

(8) By die toepassing van hierdie artikel en Bylae 2 sluit „wetstoepassingsbeampte"-

(a) 'n lid van die Nasionale Intelligensieagentskap of die Suid-Afrikaanse Geheimediens wat kragtens die Wet op Intelligensiedienste, 1994 (Wet No. 38 van 1994), ingestel is in; en

(b) 'n korrektiewe beampte van die Departement van Korrektiewe Dienste of 'n persoon wat kragtens die Wet op Korrektiewe Dienste, 1998 (Wet No. 111 van 1998), gemagtig is in.

(Datum van inwerkingtreding van a. 51 : 1 Mei 1998.)

[Tydperk van werking van a. 51 met 12 maande met ingang van 1 Mei 2000 verleng deur Proklamasie No. R.23 van 2000 (Staatskoerant No. 21122). Artikel 53(2) van Wet 105 van 1977 soos gewysig by artikel 36 van Wet 62 van 2000 maak dit moontlik dat die tydperk deur die President, met instemming van die parlement, by proklamasie vir twee jaar verleng kan word.]"

[A 51 gewysig by a 33 van Wet 62 van 2000 wat op 23 Maart 2001 in werking getree het.]

Bylae 2 by Wet 105 van 1997 lees soos volg:

**"Bylae 2**
**(Artikel 51)**
**DEEL I**

Moord, waar-

(a) dit beplan of met voorbedagte rade gepleeg is;

(b) die slagoffer-

(i) ’n wetstoepassingsbeampte was wat sy of haar werksaamhede as sodanig verrig het, hetsy aan diens al dan nie; of

(ii) ’n persoon was wat getuienis afgelê het of waarskynlik wesenlike getuienis met betrekking tot ’n in Bylae 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), bedoelde misdryf by strafregtelike verrigtinge in ’n hof sou aflê;

(c) die dood van die slagoffer deur die beskuldigde veroorsaak is by die pleging van een van die volgende misdrywe of die poging om dit te pleeg of nadat hy of sy dit gepleeg of gepoog het om dit te pleeg:

(i) Verkragting; of

(ii) roof met verswarende omstandighede soos in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), omskryf; of

[Par (ii) gewysig by a 37 van Wet 62 van 2000 wat op 23 Maart 2001 in werking getree het.]

(d) die misdryf deur ’n persoon, groep persone of sindikaat wat in die uitvoering of ter bevordering van ’n gemeenskaplike doel of samewerking handel, gepleeg is.

Verkragting-

(a) wanneer gepleeg-

(i) in omstandighede waar die slagoffer meer as eenkeer deur hetsy die beskuldigde of ’n mededader of medepligtige verkrag is;

(ii) deur meer as een persoon, waar sodanige persone in die uitvoering of ter bevordering van ’n gemeenskaplike doel of sameswering gehandel het;

(iii) deur ’n persoon wat skuldig bevind is aan twee of meer misdrywe van verkragting, maar wat nog nie ten opsigte van sodanige skuldigbevindings gevonnis is nie; of

(iv) deur ’n persoon, wetende dat hy die verworwe immuniteitsgebreksindroom of die menslike immunogebreksvirus het;

(b) waar die slagoffer-

(i) ’n meisie onder die ouderdom van 16 jaar is;

(ii) ’n liggaamlik gestremde vrou is wat weens haar liggaamlike gestremdheid veral trefbaar is; of

(iii) ’n geestesongestelde vrou is soos in artikel 1 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973), beoog; of

(c) waarby die toediening van ernstige liggaamlike leed betrokke is.

**DEEL II**

Moord in ander omstandighede as daardie in Deel I bedoel.

Roof-

(a) wanneer daar verswarende omstandighede is; of

(b) van ’n motorvoertuig.

’n Misdryf bedoel in artikel 13(f) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet No. 140 van 1992), indien bewys is dat-

(a) die waarde van die betrokke afhanklikheidsvormende stof meer as R50 000,00 is;

(b) die waarde van die betrokke afhanklikheidsvormende stof meer as R10 000,00 is en dat die misdryf deur ’n persoon, groep persone, sindikaat of ’n onderneming handelende in die uitvoering of ter bevordering van ’n gemeenskaplike doel of sameswring gepleeg is; of

(c) die misdryf gepleeg is deur ’n wetstoepassingsbeampte.

’n Misdryf wat verband hou-

(a) met die handel in of smokkel met ammunisie, vuurwapens, plofstowwe of wapentuig; of

(b) die besit van ’n outomatiese of semioutomatiese vuurwapen, plofstowwe of wapentuig.

’n Misdryf wat verband hou met deviesebeheer, korrupsie, afpersing, bedrog, vervalsing, uitgifte of diefstal-

(a) waarby bedrae van meer as R500 000,00 betrokke is;

(b) waarby bedrae van meer as R100 000,00 betrokke is, indien bewys is dat die misdryf deur ’n persoon, groep persone, sindikaat of ’n onderneming handelende in die uitvoering of ter bevordering van ’n gemeenskaplike doel of sameswering gepleeg is; of

(c) indien bewys is dat die misdryf gepleeg is deur ’n wetstoepassingsbeampte-

 (i) waarby bedrae van meer as R10 000,00 betrokke is; of

 (ii) as ’n lid van ’n groep persone, sindikaat of ondememing handelende in die uitvoering of ter bevordering van ’n gemeenskaplike doel of sameswering.

**DEEL III**

Verkragting in ander omstandighede as daardie in Deel I bedoel.

Onsedelike aanranding op ’n kind onder die ouderdom van 16 jaar, waarby die toediening van liggaamlike leed betrokke is.

Aanranding met die opset om ernstig te beseer op ’n kind onder die ouderdom van 16 jaar.

’n Misdryf in stryd met artikel 36 van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet No. 75 van 1969), weens besit van meer as 1 000 ammunisiepatrone wat bestem is om afgeskiet te word uit ’n wapen wat in artikel 39(2)(a)(i) van daardie Wet, beoog word.

**DEEL IV**

’n Misdryf in Bylae 1 by die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), bedoel buiten ’n misdryf in Deel I, II of III van hierdie Bylae bedoel, indien die beskuldigde toe hy of sy daardie misdryf gepleeg het ’n vuurwapen by hom of haar gehad het wat vir gebruik as sodanig bedoel was.”